# Gebedsbulletin
# No. 35 van 2025

## 31 Augustus 2025

Deon Serfontein Sel No.: +27 83-288-7555

# Dankbaarheid is nie 'n dreigement nie

Die Guinness Book of Records hou boek van wêreldrekords op alle moontlike terreine van die lewe. Een rekord, wat hulle egter nog nie opgeteken het nie, is hoe lank die volgende woorde aangehaal word sonder dat mense dit ooit prakties toepas: "Ons moet meer dankbaar wees vir al ons seëninge." Sulke woorde word tydig en ontydig kwytgeraak. Dit word ook om elke hoek en draai beaam, maar dit word die heel minste gedoen.

Hoor hier, dankbaarheid is nie 'n dreigement nie. Ons is dankbaar, of ons is nie – dis so eenvoudig én so ingewikkeld soos dit! Dankbaarheid raak ons hart eerste. Dankbaarheid spruit voort uit die wete dat God ons in liefde raakgesien het. Dankbaarheid is om te weet Hy hou regtig baie van ons. Hy hou al die pad van ons. Ons is geseëndes in God se oë. Ons is geliefdes van die Here. Dankbaarheid is egter ook doelbewuste keuses hier aan ons kant van die draad. Ons kies keer op keer om ons eie lewe in verwondering voor God te leef. Ons kies om die lewe as 'n daaglikse geskenk uit Sy goeie hand te ontvang.

Ons is nie lewende dreigemente, wat gedurig vir almal en vir onsself dreig dat ons dankbaar moet wees en dat ons al ons seëninge moet tel nie. Ons weier om nogmaals te kwalifiseer vir hierdie goor rekord. Sommer van vroegdag af tel ons elke dag ons hemelse seëninge. Dan is daar geen tyd oor vir dreigemente nie. Ons leef dankbaar voor die Here... want ons is!

***deur Stephan Joubert***

## Gemeente – Algemeen

-Dank GOD vir Radiokansel & al die ander radiostasies wat SY Naam groot maak
-Bid vir Vaalpark gemeente se werksaamhede en elkeen wat ook leiding neem in die gemeente
-Bid vir die eredienste; ons lidmate; Onbeperk en ons predikante

## Voorbidding vir lidmate

Lottie Conradie
Johnny Viviers
Annie Brink
Leonie Kruger
Jillian Jansen
Tannie Rina vd Vyver
Rudi Kruger
Spokie Vorster
Pierre Pienaar
Juanita Rossouw
Marelize Harrison
Marcel Holtzhausen
Bradley Bam
Monty Pienaar
James Vermaak
Tannie Bettie Smit
Rassie van Deventer
Tannie Nelie van Tonder
Oom Piet Pretorius
Marina Visser
Marius vd Westhuizen
Piet Loggerenberg
Marlie Holtzhauz
Jan-Harm Pretorius
Janine Vorster
Bets Botha
Juané Prinsloo




## Dank Gebede

-Dankie HERE vir elke nuwe dag wat U my skenk

-Dankie dat U, U **ENIGSTE SEUN** gestuur het om vir my aan die houtkruis te sterf

-Dankie HERE dat ek kan sit, opstaan, loop, lag, ruik, hoor, proe & omgee & dankie HERE dat U altyd saam met my die pad loop!

-Dankie my GOD vir elke gebed wat gebid word & vir elke gebed wat U verhoor. Dankie dat U ons hand nooit sal los nie.

- Dankie vir U ***wondergroot genade***...

- HERE, ek het U lief! AMEN




## Gedagte vir die week




<u>*Byvoorbaat baie dankie vir jou dankoffer . . .*</u>
**ABSA Sasolburg; Tjek Rekening**
**Rekno.: 0520580654**
**Takkode: 632005**